

# ARGELOGIE-PROJEK 1987

Die argeologie-projek vir skoliere, waarmee die Nasionale Museum verlede jaar begin het, is gedurende die afgelope April-vakansie herhaal. Die kamp was in teenstelling met die vorige egter heel besonders aangesien die groep uit twaalf hoerskooldogters bestaan het. Die meisies het hulle uitstekend van hulle taak gekwyt en geensins vir enige werk teruggestaan nie.



*Vonnie Muller en Mathabo le Roux van Bethlehem en Tanja Merten en Germa Wright van Bloemfontein wat die Argeologie-projek van die Nasionale Museum meegemaak het. Ywerig besig met opgraving.*

Die projek onder leiding van Cobus Dreyer, is gemik op die bekendstelling van argeologie aan skoliere en vorm deel van die langtermyn navorsingsprojek oor vroeë Sotho-woonterreine naby die Willem Pretoriuswildtuin (sien Nasionale Museum Nuus 31, 1986).



*Karin Coetsee van die Departement Argeologie, Wilna Potgieter en Jackie du Toit van Bloemfontein besig met plantekeninge van 'n woonterrein.*

'n Volledige argeologiese opgraving is gedoen en die dogters het self gegrawe, die grond gesif en



*Aangesien die terrein vir voertuie onbegaanbaar was, moes toerusting elke oggend teen die rant opgedra word. Ook hierdie taak het die meisies seevierend verrig.*

gesorteer en vondste verpak. Almal het flink gehelp met die voorbereiding van kos en die meisies het selfs vroeg opgestaan om water te gaan haal. Die groot plaasdam het nie die dogters afgeskrik nie en die gereelde namiddag swemmary het groot aftrek geniet.



*Stephanie Scheepers en Anne-Marie Fourie van Oranje Meisieskool het hulleself onderskei as eksperte met die sif.*

Te oordeel aan die gunstige terugvoering wat ontvang is, het almal dit baie geniet om so in die veld te woon en te werk.

Die Nasionale Museum bedank die volgende donateurs

- Expirama
- Hipermark
- Dairy Belle
- Gasking
- Vierwerk
- Sentraal Westelike Koop